



SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT



Die Ware
Koste van **NGV**

Theuns du Buisson



Inhoud

| | |
|---|----|
| Inhoud..... | 2 |
| 1. Samevatting en Agtergrond | 3 |
| 2. NGV-voorstelle..... | 5 |
| 3. Die ekonomiese omgewing en Suid-Afrika se vermoë om verdere uitgawe-items soos NGV te absorbeer..... | 6 |
| 4. Befondsing van die NGV | 12 |
| 5. Gevolgtrekking | 15 |
| 6. Bronne..... | 16 |

1. Samevatting en Agtergrond

In 2019 het Solidariteit opdrag gegee vir die opstel van 'n kosteverslag vir Nasionale Gesondheidsversekering (NGV), wat deur professor Jannie Rossouw en Mike Holland gedoen is en wat die grondslag vir hierdie verslag uitmaak, met bygewerkte gegewens vir die daaropvolgende twee jaar. Die COVID-19-pandemie en die ontwrigting as gevolg van die staat se maatreëls om dit aan bande te lê, het 'n diepgaande impak op die ekonomie, wat feitlik alle ekonomiese beplanning en berekenings ongeldig maak, spesifiek waar ekonomiese groei en inflasie vir bepaalde sektore oorweeg moet word.

Die doel van hierdie verslag is om die finansiële uitvoerbaarheid te evalueer van die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV), wat in 2019 gepubliseer is en tans in parlementêre voorleggings bespreek word. Dit is deel van 'n deurlopende regeringsproses wat volg op die uitreiking van 'n Groenskrif in 2011 en twee Witskrifte in onderskeidelik 2015 en 2017. Die uiteindelijke doel van al hierdie konsepte is om Universele Gesondheidsdekking (UGD) beskikbaar te stel aan alle Suid-Afrikaners, ongeag finansiële status.

Die 2017-Witskrif verklaar soos volg: " 'n Sleutelement van die finansiering van UGD is dat die gesondheidskoste vir die armes en kwesbares deur die samelewing as geheel gedeel word. Voorts moet die finansieringstelsel vir gesondheidsorg daarop gemik wees om die finansiële risiko's van siekte oor 'n breë bevolking te versprei deur groot poele voorafbetaalde fondse in te samel waaruit mense kan trek om hulle gesondheidsorgkoste te dek in tye van nood, ongeag hulle vermoë om te betaal."

Die Witskrif laat na om te noem dat dit reeds, ten minste in beginsel, die geval is in openbare hospitale waar gesondheidsorg verskaf word en waarvoor dan betaal word volgens wat die pasiënt kan bekostig. Die armes word dus reeds gesubsidieer deur middel van Suid-Afrika se progressiewe belastingstelsel wat die staatsgesondheidsorgstelsel befonds.

Ofskoon daar aangevoer word dat die Wetsontwerp nie 'n sogenaamde geldwetsontwerp is nie, maak dit wel voorsiening vir die heffing van nuwe belastings om die NGV te befonds. Grondwetlik beteken dit dat dit 'n geldwetsontwerp is, wat slegs deur die Nasionale Tesourie en die Minister van Finansies aan die parlement voorgelê kan word. Dit het nie gebeur nie, en die Minister van Finansies het nie 'n redelike bedrag vir die implementering daarvan begroot nie, wat impliseer dat die Tesourie nie die werklike implementering van die NGV in die nabye toekoms voorsien nie.

Desnieteenstaande maak die befondsingstruktuur wat in die NGV-wetsontwerp voorgestel word, voorsiening vir 'n nuwe betaalstaatbelasting asook 'n bobelasting op inkomstebelasting. Dit is benewens algemene belastinginkomste en 'n beplande hertoewysing van provinsiale begrotings en voorwaardelike toekennings, asook uit belastingkrediete vir mediese skemas.

As regeringsprojeksies geglo kan word, sal die NGV lei tot 'n verdere toename van nagenoeg R32 miljard in die begrotingstekort. 'n Meer realistiese berekening, soos in hierdie verslag, toon 'n tekort van R112 miljard as 'n absolute minimum. Die Tesourie kan nie 'n tekort van R32 miljard bekostig nie en nog minder een van R112 miljard.

2. NGV-voorstelle

In onlangse publikasies het die Wêreldgesondheidsorganisasie dit 'n prioriteit vir alle regerings gemaak om universele gesondheidsorg vir alle inwoners van die wêreld te bereik. Die NGV-wetsontwerp beoog om aan alle Suid-Afrikaners toegang tot gesondheidsorg te bied.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie omskryf UGS soos volg: "Universele gesondheidsdekking word omskryf as versekering dat alle mense toegang het tot nodige gesondheidsdienste (insluitende voorkoming, bevordering, behandeling, rehabilitasie en verligting) van toereikende gehalte om doeltreffend te wees, terwyl daar ook verseker word dat die gebruik van hierdie dienste nie die gebruiker aan finansiële ontbering blootstel nie. Universele gesondheidsdekking het dus 'n belangrike doelwit vir gesondheidshervorming in baie lande en 'n prioriteitssoogmerk van die WGO geword."

Die NGV-wetsontwerp beoog om die huidige tweevlakstelsel in 'n enkele stelsel om te skakel waarvolgens alle Suid-Afrikaners toegang tot óf openbare óf privaat gesondheidsorg sal kry. Die koste sal dan deur die NGV-skema gedra word. Die NGV sal kontrakte met hospitale en ander rolspelers aangaan.

Die voorstel is dat sulke kontrakte aangegaan word, en ander stelsels ingestel word, voordat die NGV in 2026 ten volle van krag word. Die 2019-wetsontwerp stel voor dat die NGV befonds word deur mediese belastingkrediete in te trek, 'n betaalstaatbelasting te hef, 'n bobelasting op inkomstebelasting te hef en deur fondse van provinsiale billikedeel-begrotings na die nuwe NGV-begroting te verskuif.

Daar is nog nie 'n behoorlike kosteberekening gemaak nie, afgesien van bondige vermeldings van 2010-waardes in die 2017-witskrif. Selfs in hierdie geval is dit nie duidelik hoe die berekeninge gedoen is nie.

3. Die ekonomiese omgewing en Suid-Afrika se vermoë om verdere uitgawe-items soos NGV te absorbeer

Die wêreldekonomie word ernstig geraak deur die COVID-19-pandemie. Suid-Afrika in die besonder sukkel om te herstel en reële groei te verwesenlik. In 2019, voor die pandemie toegeslaan het, het Suid-Afrika se BBP-groei op 0,2% te staan gekom. As daar nie in daardie jaar geweldige winste in die landbousektor was nie, sou Suid-Afrika 'n inkrimping beleef het. In 2020 het die ekonomie met 7% ingekrimp, grotendeels as gevolg van die pandemie. Vir 2021 word 'n groeikoers van 4,2% tans geprojekteer, wat nog baie ver van 'n herstel is en selfs nog verder van enige reële groei is wat nuwe projekte soos die NGV sou kon befonds.

Die Wêreldbank verwag 'n internasionale groeikoers van 5,6% vir 2021 na 'n inkrimping van 4,4% in 2020. Dit dui op 'n volledige herstel, hoewel Ontluikende Markte en Ontwikkelende Ekonomieë (OMOE's) na verwagting eers oor 'n paar jaar volledig sal herstel. Dit kan hoofsaaklik aan 'n gebrek aan inenting in hierdie lande toegeskryf word, wat meebring dat hierdie ekonomieë geslote bly. Die Wêreldbank het 'n oproep vir tariefverlagings gedoen om die herstel in OMOE's aan te help.¹

Suid-Afrika het 'n veel groter ekonomiese inkrimping as die gemiddelde vir Afrika suid van die Sahara van -2,4% ondervind, en ook groter as die inkrimping van -0,3% in ander BRICS-lande. Die hersteltempo in hierdie portuurgroepe gaan na verwagting ook baie vinniger wees as wat vir Suid-Afrika verwag word.


Gevolgtrek moet Suid-Afrika baie deeglik kyk na redes vir hierdie gebrek aan groei, en veral vir uiters lae groei vergeleke met ons eweknieë dwarsoor die wêreld en spesifiek in Afrika.

Suid-Afrika se fiskale posisie

Mens kan nie begin om vir enige verdere staatsuitgawes te beplan sonder om eers die land se huidige fiskale posisie in aanmerking te neem nie. Suid-Afrika het tans 'n begrotingstekort van 14%. Dit is heeltemal onvolhoubaar, want dit vergroot verdere skuldverpligtinge. Hierdie skuldspiraal, wat op sigself toon dat Suid-Afrika 'n belastingplafon bereik het, belemmer enige verdere investering in regeringsdienste of infrastruktuur. Boonop maak maatskaplike dienste meer as 'n derde van staatsbesteding uit. Hoewel maatskaplike dienste ontsaglik belangrik is, laat dit geen fisiese infrastruktuur met kwantifiseerbare waarde na nie. Dit op sigself is nie volhoubaar nie en die NGV sal nóg 'n koste-item in hierdie kategorie wees indien dit ingestel word. In 2021 maak skulddienskoste reeds R269,7 miljard van die nasionale begroting uit. Dit is een van die grootste enkele items in die begroting.

¹ Global Economic Prospects, World Bank, June 2021

Ekonomie raam dat Suid-Afrika se soewereine skuld teen 2025 – een jaar voor die beoogde volledige implementering van die NGV – meer as die BBP sal wees.



Bron: Bloomberg²

Toe voorstelle rakende die NGV in 2010 begin het, is daar geprojekteer dat die NGV in 2026 ten volle van krag sou wees. Sedertdien het voorstelle nie van 2010-pryse afgewyk nie. Die betrokke staatsdepartemente het nog nooit toereikend verduidelik hoe hulle by hierdie pryse uitgekom het nie. In 2010 het die Suid-Afrikaanse ekonomie egter pas uit 'n opbloeit gekom wat tot 2008 geduur het, voordat dit tot stilstand geknars het as gevolg van die wêreldwye finansiële krisis. Die ekonomie het kortstondig tekens van groei getoon danksy die Sokkerwêreldbekertoernooi in 2010 en die algemene euforie oor die toernooi. Die kort groeydperk in 2010 word bestempel as 'n "dead cat bounce" – 'n kortstondige herstel tydens 'n daaltendens. Sedertdien het Suid-Afrika nog geen reële groei beleef wat naastenby aan die voorspellings in die jaarlikse begrotingsoorsigte voldoen nie. Die volgende tabelle toon die verskille tussen die voorspellings in die twee jaar voor die betrokke jaar, vergeleke met die werklike BBP-groei en VPI-syfers. Mens kan dus niks anders as die vinnig naderende fiskale afgrond verwag nie, want begrotings word opgestel volgens veronderstelde toekomstige groei wat nooit gerealiseer of selfs naastenby gerealiseer word nie. Die Nasionale Tesourie kan vergewe word vir sy oorskatte 2020-voorspellings, maar ons mag nie vergeet dat die pandemie deur vyf jaar van onbenullige BBP-groei voorafgegaan is nie. Die BBP per capita het sedert 2008 met ongeveer 'n kwart gedaal.³ Dit het die deurdra-effek dat die regering óf minder geld aan elke burger moet bestee óf meer geld van belastingbetalers moet vat. Omdat dit geld uit omloop neem, of van produktiewe burgers na onproduktiewe staatsorgane verskuif, het dit 'n skadelike uitwerking op die ekonomie as geheel.


² <https://www.bloomberg.com/news/articles/2020-06-20/south-africa-sees-government-debt-at-113-8-of-gdp-in-2028-29>

³ <https://data.worldbank.org/indicator/NY.GDP.PCAP.CD?locations=ZA>

| 2015 | VPI | BBP-groei |
|------------------------|------------|------------------|
| Reëel | 6,40% | 1,3% |
| (2013) Voorspelling | 5,4% | 3,5% |
| (2014) Voorspelling | 5,90% | 3,20% |
| 2016 | VPI | BBP-groei |
| Reëel | 6,3% | 0,80% |
| (2014) Voorspelling | 5,50% | 3,5% |
| (2015) Voorspelling | 5,9% | 2,40% |
| 2017 | VPI | BBP-groei |
| Reëel | 6,30% | 0,70% |
| 2015 Voorspelling | 5,7% | 3,0% |
| 2016 Voorspelling | 6,30% | 1,70% |
| 2018 | VPI | BBP-groei |
| Reëel | 4,7% | 0,80% |
| 2016 Voorspelling | 5,90% | 2,40% |
| 2017 Voorspelling | 5,70% | 2,00% |
| 2019 | VPI | BBP-groei |
| Reëel | 4,10% | 0,2% |
| 2017 Voorspelling | 5,6% | 2,20% |
| 2018 Voorspelling | 5,40% | 1,80% |
| 2020 | VPI | BBP-groei |
| Reëel | 3,3% | -7,0% |

| | | |
|-------------------|------|------|
| 2018 Voorspelling | 5,5% | 2,1% |
| 2019 Voorspelling | 5,4% | 1,7% |

Die lyngrafiek hieronder toon wat in die tabelle hierbo gemeld is. Soos gesien kan word, is die werklikheid baie ver verwyderd van die Tesourie se voorspellings. Die Tesourie begroot dus op grond van verwagtinge van toekomstige groei wat nooit verwesenlik kan word nie. Regeringsbeloftes op grond van hierdie foutiewe groei voorspellings word dus selde verwesenlik, en die NGV sal heel waarskynlik nie 'n uitsondering wees nie.




Wat die aanwysers van die werklike fiskale raamwerk betref, kan hierdie gebrek aan versienheid en die gevolge daarvan reeds gesien word in syfers wat deur die Tesourie self verstrekk is en in die Suid-Afrikaanse Reserwebank se kwartaalblad opgeneem is. In die tabel hieronder word voorspel dat bruto leningskuld in die 2023/24 finansiële jaar sal toeneem en op 87,3% sal "stabiliseer"⁴. Dit is ver van enige omsigtigheidsnorme en bo die vlak waar besteding, spesifiek skuldterugbetalings, 'n stabiliserende uitwerking op Suid-Afrika se langtermyn fiskale posisie sou kon hê.

⁴ <http://www.treasury.gov.za/documents/National%20Budget/2021/speech/speech.pdf>

| Consolidated fiscal framework indicators* | | | | | | | | |
|---|---------|---------|-------------|------------|-------------|-------------------------|---------|---------|
| R billions | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 | | | 2021/22 | 2022/23 | 2023/24 |
| | Outcome | | 2020 Budget | 2020 MTBPS | 2021 Budget | Medium-term estimates** | | |
| Consolidated revenue..... | 1 448 | 1 531 | 1 584 | 1 277 | 1 363 | 1 520 | 1 635 | 1 717 |
| Percentage of GDP..... | 29.4 | 29.7 | 29.2 | 26.3 | 27.7 | 28.4 | 28.9 | 28.6 |
| Consolidated expenditure..... | 1 644 | 1 822 | 1 954 | 2 038 | 2 052 | 2 020 | 2 050 | 2 095 |
| Percentage of GDP..... | 33.4 | 35.4 | 36.0 | 41.9 | 41.7 | 37.7 | 36.2 | 34.9 |
| Consolidated budget deficit..... | -195.7 | -291.8 | -370.5 | -761.1 | -689.8 | -500.0 | -414.1 | -377.9 |
| Percentage of GDP..... | -4.0 | -5.7 | -6.8 | -15.7 | -14.0 | -9.3 | -7.3 | -6.3 |
| Primary balance..... | -3.7 | -78.0 | -138.7 | -474.8 | -448.1 | -222.6 | -97.6 | -30.6 |
| Percentage of GDP..... | -0.1 | -1.5 | -2.6 | -9.8 | -9.1 | -4.1 | -1.7 | -0.5 |
| Gross loan debt***..... | 2 788 | 3 261 | 3 562 | 3 974 | 3 950 | 4 383 | 4 820 | 5 234 |
| Percentage of GDP..... | 56.6 | 63.3 | 65.6 | 81.8 | 80.3 | 81.9 | 85.1 | 87.3 |
| Net loan debt***..... | 2 545 | 2 998 | 3 340 | 3 770 | 3 658 | 4 202 | 4 658 | 5 092 |
| Percentage of GDP..... | 51.7 | 58.2 | 61.5 | 77.6 | 74.3 | 78.5 | 82.2 | 84.9 |

Bron: SARB Quarterly Bulletin March 2021



Bron: SARB Quarterly Bulletin March 2021

Die OESO beveel aan dat hoëinkomstelande hulle soewereine skuldverhoudings onder 90% hou, terwyl ontluikende ekonomieë hulle skulddrempel tussen 30% en 50% moet hou.⁵ Suid-Afrika se skuld staan tans op nagenoeg 80%. Hierdie feit, tesame met lae groei en voortdurende begrotingstekorte, maak dit waarskynlik dat Suid-Afrika binnekort nie sy lopende projekte en dienste sal kan befonds nie en dus beslis nie enige nuwe projekte en dienste sal kan instel nie, veral nie iets

⁵ OECD, 2015, *Prudent Debt Targets and Fiscal Frameworks*, OECD Economic Policy Paper No. 15.

wat so duur is soos wat die NGV waarskynlik sal wees nie. Die werklike koste van die NGV en middele om dit te befonds, word in die volgende afdeling bespreek. Hierdie middele is suiwer teoreties, want dit is duidelik dat die NGV nie volhoubaar befonds kan word nie.

4. Befondsing van die NGV

Die tabelle hieronder is bereken aan die hand van die syfers in die Groenskrif van 2017. Volgens die Groenskrif was die verwagte aanvanklike koste R109 769 miljard in 2010/11. Hulle het verwag dat hierdie bedrag tot in 2015 jaarliks met 4,1% sal styg, gevolg deur 'n jaarlikse toename van 6,7% vir die oorblywende jare tot 2026. Nóg die Departement van Gesondheid nóg die Tesourie het 'n uiteensetting gegee van hoe hulle by hierdie syfers en koerse uitgekom het, maar daar kan met veiligheid aangeneem word dat dit 'n onderskatting is.

| R miljoen of persentasie | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|--------------------------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|
| BBP (R miljard) | 2 666,9 | 2 995,5 | 3 209,1 | 3 520,3 | 3 879,9 | 4 073,2 | 4 409,8 | 4 699,4 |
| BBP-groei | 3,30% | 2,20% | 2,50% | 1,80% | 1,20% | 0,40% | 1,40% | 0,80% |
| Geprojekteerde NGV-kostestying | 4,10% | 4,10% | 4,10% | 4,10% | 4,10% | 6,70% | 6,70% | 6,70% |
| NGV geprojekteerde koste | 109 769 | 114 270 | 118 955 | 123 832 | 128 909 | 134 324 | 143 324 | 15 2926 |
| VPI-inflasie | 6,10% | 5,60% | 5,70% | 5,30% | 5,20% | 6,80% | 4,70% | 4,50% |
| Gesondheidsinflasie | 6,60% | 5,10% | 4,40% | 4,80% | 5,90% | 5,50% | 6,70% | 5,70% |

| R miljoen of persentasie | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|--------------------------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|
| BBP (R miljard) | 5 059,1 | 5 157,3 | 4 921 | 5 127,7 | 5245,64 | 5380,75 | 5515,27 | 5653,15 |
| BBP-groei | 0,20% | -7,00% | 4,20% | 2,30% | 2,40% | 2,50% | 2,50% | 2,50% |
| Geprojekteerde NGV-kostestying | 6,70% | 6,70% | 6,70% | 6,70% | 6,70% | 6,70% | 6,70% | 6,70% |
| NGV geprojekteerde koste | 163 172 | 174 105 | 185 770 | 198 217 | 211 497 | 225 667 | 240 787 | 256 920 |
| VPI-inflasie | 4,00% | 3,30% | 4,20% | 4,40% | 4,50% | 4,50% | 4,50% | 4,50% |
| Gesondheidsinflasie | 4,30% | 5,50% | 2,80% | 5,21% | 5,21% | 5,21% | 5,21% | 5,21% |

Bronne: Eie berekenings, Begrotingsoorsigte, 2017-groenskrif

Die tabel hieronder toon 'n meer aanneemlike scenario, waarvolgens privaathospitaalomsig, aangepas vir vorige, huidige en geprojekteerde gesondheidsinflasie, by die huidige gesondheidsbegroting getel is. Selfs hierdie scenario sal heel waarskynlik 'n ernstige onderskatting van die ware koste wees, aangesien die NGV, indien dit wel werk, die vraag na privaat gesondheidsorg sal laat toeneem, wat pryse onvermydelik sal opjaag selfs al word dit geadministreerde pryse soos wat tans deur die NGV-witskrif van 2019 voorgestel word. Die alternatief is 'n grootskaalse uittog van dokters en mediese personeel, in welke geval enige vorm van gesondheidsorgbefondsing irrelevant sal wees.

| R miljoen | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---------|---------|---------|---------|---------|---------|
| Gesondheidsbegroting | 248 800 | 261 762 | 275 400 | 289 749 | 304 845 | 320 727 |
| Privaat omset | 57 537 | 60 534 | 63 688 | 67 006 | 70 498 | 74 170 |
| Waarskynlike NGV minimum koste | 306 337 | 322 297 | 339 089 | 356 755 | 375 342 | 394 897 |
| Aanneemlike Gesondheidsbegroting (5% van BBP) | 248 800 | 256 400 | 262 300 | 269 000 | 275 800 | 282 700 |

Bronne: Eie berekeninge, Begrotingsoorsigte en HASA Multiplier Report.⁶

In hierdie formule, wat by benadering gebruik is, hoewel op 'n ooptimistiese en onderskatte manier, om by die 2010-syfers uit te kom wat deur die regering gebruik is, word die nasionale gesondheidsbegroting getel by die omset van privaathospitaalgroepe in Suid-Afrika. Hierdie bedrag is baie minder as die werklikheid, aangesien dit nie vir onafhanklike mediese praktisyns en ander privaat mediese dienste voorsiening maak nie. Selfs al word hierdie benaderde onderskatting gebruik, toon dit 'n tekort van R112 miljard in 2026, as die gesondheidsbegroting op 5% van die BBP bly.

Om dinge te vererger, is die geprojekteerde BBP-groei van 2,5% vanaf 2023 gebaseer op die maksimum BBP-groei wat in Suid-Afrika verwag kan word as alles in die ekonomie goed gaan. Dit is onwaarskynlik dat dit altyd die geval sal wees, wat beteken dat die tekort in reële terme nog groter sal wees. Vir verdere berekeninge sal die idealistiese projeksies en 'n tekort van R112 miljard gebruik word.

Die 2021-begroting sal aangepas word om 2026-waardes te weerspieël op grond van geprojekteerde ekonomiese groei in die tabelle hierbo.

⁶ https://hasa.co.za/wp-content/uploads/2019/02/ECONEX_HASA-multiplier-report_26102017.pdf

Die belastinginkomste vir 2026 sal dan soos volg saamgestel wees, in die veronderstelling dat daar geen groot hervormings en aanpassings is nie:

| | (R miljard) |
|---|----------------|
| Belastinginkomste | 1 568 |
| Persoonlike Inkomstebelasting | 593 |
| Maatskappy-inkomstebelasting | 245 |
| BTW | 425 |
| Belastings op Internasionale Handel en Transaksies | 62 |
| Nie-belastinginkomste | 37 |
| Minus: SADU-betalings | -53 |
| Hoofbegrotingsinkomste | 1 553 |
| Provinsies, maatskaplike sekuriteitfondse en openbare entiteite | 194 |
| Gekonsolideerde Begrotingsinkomste | 1 747 |

R112 miljard kan teoreties op die volgende maniere in 2026 gegengereer word:

- 'n Bobelasting van 20% op inkomstebelasting.
- 'n BTW-verhoging van 15% tot 20%.
- 'n Betaalstaatbelasting van 5,5%.
- Verhoogde maatskappy-inkomstebelasting van 28% tot 42%.
- 'n Kombinasie hiervan.

Nie een hiervan is in reële terme moontlik nie, aangesien die Suid-Afrikaanse belastingbetaler reeds oorbelaas is. Hierdie teoretiese voorstelle is net ter illustrasie.

5. Gevolgtrekking

As die regering se voorspellings geglo kan word, kan 'n begrotingstekort van nagenoeg R32 miljard verwag word. Volgens die huidige berekening kan ons sien dat 'n tekort van R112 miljard 'n meer realistiese verwagting is. Soos reeds genoem, is dit 'n konserwatiewe raming wat net huidige openbare gesondheidsorg en privaat hospitale in aanmerking neem. Kleiner privaat gesondheidsdiensverskaffers is nie vir hierdie berekening in ag geneem nie.

Suid-Afrika kan nie die NGV in enige vorm bekostig nie en moet veel eerder in huidige stelsels investeer. In hierdie stadium is die begrotingstekort 14% en is Suid-Afrika reeds op die rand van die fiskale afgrond. Afhangende van watter definisie van fiskale afgrond gebruik word, is ons reeds oor die rand of gaan ons in 2024 oor die rand wees. Hoewel universele toegang tot gesondheidsorg 'n lofwaardige saak is, is die NGV nie die manier om dit te verwesenlik nie. 'n Beter manier is om die huidige openbare gesondheidstelsel te hervorm om te verseker dat 'n beter opbrengs op investering verkry word. Die privaat gesondheidsorgstelsel kan toegelaat word om steeds die las op openbare gesondheidsorg te verlig deur steeds goeie dienste te lewer aan diegene wat dit kan bekostig.

6. Bronne

- 2011 NHI Green Paper
- 2015 NHI White Paper
- 2017 NHI White Paper
- 2019 NHI Bill
- Bloomberg (<https://www.bloomberg.com/news/articles/2020-06-20/south-africa-sees-government-debt-at-113-8-of-gdp-in-2028-29>)
- Global Economic Prospects, World Bank, June 2021
- National Budget Reviews, 2011-2021
- OECD, 2015, *Prudent Debt Targets and Fiscal Frameworks*, OECD Economic Policy Paper No. 15.
- The Economic Footprint of Private Hospital Groups in South Africa: A Multiplier Study. 2017. (https://hasa.co.za/wp-content/uploads/2019/02/ECONEX_HASA-multiplier-report_26102017.pdf)
- World Bank Data (<https://data.worldbank.org/indicator/NY.GDP.PCAP.CD?locations=ZA>)